
# VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDER-AFRIKA, GEMEENTE MALMESBURY


**LERAAR** Ds Quentin S Minnaar
022 486 4031
qsminnaar@webmail.co.za

**SKRIBA-KASSIER** Mev Cleodine Leukes
078 622 6992

**KOSTER** Mnr Jan Karolus
081 008 1420

**TEGNIKUS** Mnr William Stallenberg
082 924 4651
williamstallenberg@gmail.com


**H/v Akasialaan en Jasmynstraat**
**POSBUS 1064**
**MALMESBURY**
**7299**

**KERKKANTOOR**
**(T) 022 486 5416**
**(F) 086 219 0820**
vgkmalmesbury@telkomsa.net

www.vgkmalmesbury.co.za


**Almal één in Christus, diensbaar in Sy koninkryk deur Aanbidding, Toerusting, Versorging en Uitreiking**

Liewe Familie

Die Kerkraad en die onderskeie Kommissies van die Kerkraad het tydens 'n spesiale vergadering gehou op Dinsdag, 17 Maart 2020, met onderskeiding besin oor hoe die Here ons roep om in hierdie tyd kerk te wees, te midde die realiteit van die Koronavirus wat 'n groot bedreiging vir die hele wêreld inhou. Hierdie realiteit laat betree ons onwillikeurig 'n ongekende terrein en ruk ons uit ons gemaksone. Ons is egter daarvan ook diep bewus dat hierdie realiteit vir ons 'n unieke geleentheid bied om kerk te wees en om God se hart vir die wêreld te wys.

Jesaja 58:1-12 en Markus 12:29-31 het ons oortuig dat die Christelike geloof ten diepste gaan oor die liefde vir God én die liefde vir ons naaste. In Jesaja 58 het die volk van die Here kwansuis alles gedoen wat van hulle verwag word: hulle het gebid, gevas, die wet gehoorsaam en die tempel besoek, terselfdertyd blyk dit dat hulle al hierdie geestelike gewoontes verkeerd gedoen het in die oë van die Here. In die teks spreek die Here sy ongelukkigheid uit teenoor die Israeliete wat al die regte godsdienstige goedjies doen, maar nie die belange van hul naaste op die hart dra nie – hulle aanbid God maar verstoot hul medemens – hulle is getrou aan God maar benadeel hulle naaste. Jesus sluit hierby aan wanneer hy dit onomwonde stel dat ons liefde vir God langs ons liefde vir ons naaste staan.

Die Gees van die Here het die vergadering gekonfronteer met die vraag: Hoe gaan ons God en ons naaste liefhê en dien te midde die realiteit van die Koronavirus?

Dus is daar in die lig van die Woord, en op grond van die maatreëls wat die Regering en die Sinode daargestel het, die volgende besluite geneem:

1. As gemeente sal ons voortdurend bid dat die Here almal sal beskerm en die medici die wysheid sal gee om so spoedig moontlik 'n teenmiddel te ontwikkel vir die Koronavirus;
2. As gemeente sal ons volgehou bid vir genade, moed en krag vir alle gesondheidswekers;
3. As gemeente verbind ons ons tot die gehoorsame handhawing van die veiligheidsmaatreëls soos bepaal en voorgestel deur die Regering en die Sinode;

4. As gemeente sal ons ons liefde vir ons naaste betoon deur fisiese kontak met mekaar te vermy siende dat die virus deur menslike kontak versprei en dat daar reeds 116 persone positief getoets het in ons land;
5. Alle gemeentelike aktiwiteite (eredienste, gemeente bidure, area bidure, kategese, kampe, funksies, verenigings, vergaderings) word dus afgelas tot 30 April 2020 wanneer die kerkraad weer hieroor sal besin;
6. Die eredienste en bidure word vervang met Gesinsdienste. Elke gesin word versoek om saam as huisgesin te aanbid deur aan huis te bid, Bybel te lees en 'n geestelike gesprek te hê. Die Leraar sal op 'n weeklikse basis materiaal en riglyne hiervoor verskaf wat op al ons sosiale media platforms beskikbaar sal wees;
7. Sondae sal die kerkklok steeds om 09:30 gelui word om ons op te roep tot aanbidding;
8. Waar individue en gesinne die behoefte mag hê om in die kerkgebou bymekaar te kom, moet daar vooraf met die Skriba-Kassier gereël word en die nodige veiligheidsmaatreëls toegepas word;
9. Begrafnisse sal private geleenthede wees wat slegs deur die naaste familie bygewoon mag word;
10. Die Leraar sal slegs aandag gee aan nood pastorale aangeleenthede, met die verstaan dat dit binne die grense van die maatreëls van die Regering geskied;
11. In die lig daarvan dat daar steeds uitgawes is wat gedek moet word, word u gemaan om volgehou u maandelikse dankoffer en- kollekte bydraes te maak. Gelde kan elektronies in die rekening van die gemeente betaal word. Die bankbesonderhede is: **VGK Malmesbury, Standard Bank, 050507 (takkode), 082399344 (rekeningnommer)**. Lidmate kan ook hul offers na die skatkis bring in die kerkgebou op 'n dag en tyd soos vooraf ooreengekom met die Skriba-Kassier;
12. Die Kerkkantoor sal gesluit wees vir die publiek, tensy vooraf reëlings met die Skriba-Kassier getref word. Andersins sal alle amptenare telefonies beskikbaar wees;
13. "Hand sanitizer" sal in die areas deur die kerkraad versprei word, veral aan lidmate en nie-lidmate wat dit nie kan bekostig nie;
14. Kontak besoeke aan die Tehuis word ten sterkste afgeraai;
15. Die Dagbestuur van die Kerkraad sal in hierdie tyd aan dringende sake aandag gee, met verslagdoening aan die Kerkraad.

VGK Malmesbury, in hierdie tyd het ons nie nóg 'n preek nodig nie. Ons het nou nodig om soos nooit van tevore kerk te wees en om ons preke uit te leef. Ons word geroep om God se hart vir die wêreld te wys deur ons liefde vir God én vir ons naaste, op só 'n manier is ons nou *"diensbaar in Sy koninkryk".*

Tot ons mekaar weer mag omhels

Die Kerkraad, VGK Malmesbury